Graad 8
Fisiese Wetenskappe Eksamen


KIES SLEGS A, B, C OF D VIR DIE VOLGENDE VRAE

VRAAG 1:

1.1) Watter stof is 'n diatomiese element?

A.) Bromied.
B.) Koper.
C.) Silikon.
D.) Neon. (2)

1.2)



Watter fase is Punt Q in?

A.) 'n Damp
B.) 'n Soliede stuk.
C.) Poeier
D.) Vloeistof. (2)

1.3) Twee reaktanse vorm 'n sekere produk. Die reaktanse se eienskappe is as volg:

- Reaktant A is diatomies.
- Reaktant B is monoatomies.


Wat is die produk se moontlike formule?


A.) A_2B.
B.) AB.
C.) A_2B_2.
D.) Geen van die bogenoemde. (2)


1.4) Wrywing beteken:

A.) Statiese Elektrisiteit word gevorm.
B.) Geen elektrisiteit beweeg nie.
C.) Elektrone word oorgedra.
D.) Al die bogenoemde. (2)

1.5) Watter diagram is 'n verbinding?

A.) 

B.) 

C.) 

D.) geen van die bogenoemde. (2)

VRAAG 2:

2.1) Beskou die volgende reaksie:

Kaliumchloraat $\longrightarrow$ Kaliumchloried + Suurstof
$(2\ KClO_3 \longrightarrow 2\ KCl + 3\ O_2)$

2.1.1) Gebruik diagramme om die reaksie voor te stel. (3)
2.1.2) Wat is die produkte? (2)
2.1.3) Noem al die elemente in die reaksie. (3)
2.1.4) Hoeveel suurstof atome is daar in totaal? (1)

VRAAG 3:

3.1) Beskou die volgende scenario.

Micheal bring 'n negatiewe gelaaide voorwerp naby 'n neutrale voorwerp. Die elektrone in die neutrale voorwerp word weggestoot na die verste kant van die neutral voorwerp.

3.1.1) Wat word hierdie scenario genoem? (1)
3.1.2) Die neutrale voorwerp het nou 'n positiewe en negatiewe kant a.g.v die bogenoemde. Watter kant het 'n oormaat elektrone? (1)

3.2) Teken 'n skets van die bogenoemde scenario. (3)

VRAAG 4:

4.1) Die energie-omskakeling in ‘n gloeilamp is van warmte energie na _____? (1)
4.2) Teken ‘n voorbeeld van ‘n parallele skakeling. Sluit die volgende in:

- Die sel.
- Gloeilampe in parallel geskakel.
- ‘n Toe skakelaar. (4)


VRAAG 5:

5.1) Definieer die term BATTERY. (1)
5.2) Teken die simbool vir ‘n battery. (2)
5.3) Gee 3 voorbeelde van allerdaagse tegnologie wat teen die vloei van lading werk. (3)
5.4) Beskryf die term Warmte Effek volledig. (3)

5.5) Klasifiseer die volgende stowwe as vastestof, vloeistof of ‘n gas.

5.5.1) ‘n Tandeborsel.
5.5.2) Suurstof (by kamer tempratuur).
5.5.3) Tafelsout.
5.5.4) Koolstofdioksied. (4)

5.6) Watter stowwe se digtheid sal die kleinste wees? (2)
5.7) Voltooi die volgende deur slegs die faseverandering aan te dui op die pyltjies.



(3)